Hoërskool Oosterlig

Rekeningkunde Graad 10

Opdrag 3

Uit: 17 Junie In: 24 Junie

Naam: _____

OEFENING 9.2

Die volgende saldo's en totale het onder andere in die Vooraansuiweringsproefbalans van HMP Winkels voorgekom op 29 Februarie 2008, die einde van die finansiële jaar.

UITTREKSEL UIT VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS

Balansstaatrekeninge-afdeling	**Fol.**	**Debiet**		**Krediet**	
Voertuie	B4	R423 000	-		
Toerusting	B5	670 000	-		
Opgelope waardevermindering op Voertuie	B6			84 570	-
Opgelope waardevermindering op Toerusting	B7			46 300	-
Vaste deposito: ABC Bank	B8	180 000	-		
Handelsvoorraad	B9	34 670	-		
Debiteurekontrole	B10	7 540	-		
Voorsiening vir oninbare skulde	B11			567	-
Lening: XYZ Bank	B15			810 000	-
Nominale rekeninge-afdeling					
Verkope	N1			960 000	-
Koste van verkope	N2	766 000	-		
Debiteure-afslag	N3	2 500	-		
Huurinkomste	N4			8 190	-
Rente op vaste deposito	N5			20 000	-
Versekering	N6	9 295	-		
Rente op lening	N7	68 450	-		
Skryfbehoeftes	N8	13 865	-		

AANSUIWERINGS:

1. Waardevermindering moet as volg afgeskryf word:
   Voertuie: 12% per jaar op die vaste paaiement-metode. Let daarop dat 'n nuwe afleweringsbakkie op 1 Augustus 2007 vir R75 000 aangekoop is.
   Toerusting: 20% per jaar op die boekwaarde. Let daarop dat 'n nuwe lessenaar op 1 Februarie 2008 op skuld by BB Meubels aangekoop is vir R3 900. Nog geen inskrywing is vir hierdie transaksie gemaak nie.
2. Die vaste deposito by ABC Bank is op 1 Maart 2004 gemaak teen 'n vasgestelde rentekoers van 11% per jaar vir 5 jaar. Elke jaar op 1 Desember word R10 000 uit die deposito onttrek.
3. 'n Gedeelte van ons gebou word sedert 1 Julie 2000 verhuur. Die huurder het reeds Maart en April se huur vooruitbetaal
4. Die versekeringspremie is betaal tot 31 Januarie 2008.
5. Die lening by XYZ Bank is aangegaan op 1 September 2007 teen 'n rentekoers van 17% per jaar. Die rentekoers is egter op 1 November verlaag na 15%.
6. Op 25 Februarie 2008 is voorraad met 'n verkoopprys van R725 aan die plaaslike ouetehuis geskenk. Geen inskrywing ten opsigte van hierdie transaksie is gemaak nie.
7. Die bankstaat toon dat die tjek ontvang van 'n debiteur, C. Krige ter vereffening van sy rekening, geweier is weens onvoldoende fondse. Die bedrag van die tjek was R900 en sy rekening was R960.
8. 'n Fisiese voorraadopname toon handelsvoorraad voorhande as R31 280 en skryfbehoeftes as R250.
9. Die voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot 7% van uitstaande debiteure.

GEVRA:

Toon die Joernaalinskrywings vir al die aansuiwerings. Joernaalomskrywings kan weggelaat word.

Algemene Joernaal van HMP Winkels Februarie 2008 AJ

Dag	Besonderhede	Fol.	Debiet		Krediet	